**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

## NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 07 DESEMBER 2023 OM 10:00 VANAF PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | | |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me.) | [DA] | | |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | | *(virtueel ingeskakel)* |
| Rdl. SS Lesch (Me.) | [ANC] | | |
| Rdl. BU Maarman (Me.) | [ANC] | | |
| Rdh. EB Manuel | [GOOD] | | |
| Rdl. AC Isaacs | [PA] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mev. N Bothma | : | Bestuurder: Uitgawes en VKB *(waarnemende Direkteur Finansiële Dienste)* |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. D Carolissen | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur |
| Mev. V Willems | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**RVN001/12/2023**
**<u>OPENING EN VERWELKOMING</u>**

Die Speaker open die vergadering met Skriflesing en gebed, waarna hy almal verwelkom by die vergadering.

‘n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die afgevaardigde van Eskom wat die Raadsvergadering bywoon en die lede van die publiek wat op die “YouTube” platform ingeskakel is.

***

**RVN002/12/2023**
**<u>AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID</u>**
**3/3/1/4**

Raadslid Adams - afwesig met verskoning
Munisipale Bestuurder - afwesig met verskoning (Brandweer strategiese sessie by Weskus Distriksmunisipaliteit)
Direkteur Gemeenskapsdienste - afwesig met verskoning (Brandweer strategiese sessie by Weskus Distriksmunisipaliteit)

Die Speaker meld dat Raadslid Du Plooy verskoning gemaak het en moontlik later sal aansluit.

***

**RVN003/12/2023**
**<u>VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)</u>**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**RVN004/12/2023**
**<u>BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 28 NOVEMBER 2023</u>**
**3/3/2/2**
***(Die Notule word ter tafel gelê soos voorheen elektronies apart versprei)***

Die Speaker lei die item kortliks in.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die notule van die vergadering, soos gehou op Dinsdag 28 November 2023, bekragtig word.

***(VK WILLEMS)***
***KLERK: KOMITEES***

***

**RVN005/12/2023**
**<u>IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 28 NOVEMBER 2023</u>**
**3/3/2/2**

Die Speaker lei die item kortliks in.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslag van die Raadsvergadering, soos gehou op Dinsdag 28 November 2023.

***

**RVN006/12/2023**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**RVN007/12/2023**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER, UITVOERENDE ONDERBURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Speaker doen die volgende mededelings:

LEED

- Dat Direkteur Gemeenskapsdienste se tannie, wat ook ‘n familielid is van Raadslid Daniels, oorlede is en word hulle en hul familie sterkte toegewens in hierdie tyd; en
- Dat onderskeie gemeenskapslede aan die dood afgestaan is in die Bergrivier Munisipale area en wil hy die Raad se meegevoel betuig met die sterftes.

‘n Minuut van stilte word gehandhaaf vir die afgestorwenes se families in hierdie moeilike tyd.

LIEF

- Dat die Speaker op Saterdag 30 Desember 2023 verjaar en wens die Uitvoerende Burgemeester hom namens die Raad geluk, seënwense en sterkte toe met sy komende verjaarsdag;
- Hy bedank die Raadslede en Administrasie vir hul volgehoue ondersteuning, leiding en bystand gelewer deur die jaar en meld dat almal aandag en tyd moet spandeer met hul familielede gedurende die feesseisoen. Hy wens die Raadslede en Administrasie ‘n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe; en
- Dat die Prysuitdelingsfunksie goed afgeloop het en meld hy dat hy die prys gewen het vir die beste geklede Raadslid. Hy wens die amptenare geluk wat ook pryse gewen het.

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:

- Dat die Prysuitdelingsfunksie goed afgeloop het, waarna hy die organiseerders bedank vir die reëlings asook alle Raadslede en amptenare wat teenwoordig was;
- Hy bedank sy administratiewe personeel vir die reëlings rakende die aanskakeling van die Kersliggies in die onderskeie dorpe. Hy moedig alle Raadslede aan om die aanskakeling van die Kersliggies by te woon en gee die datums deur soos volg:

➢ Piketberg: Vrydag 08 Desember 2023; en

➢ Velddrif: Saterdag 09 Desember 2023.

- Hy bedank die Speaker namens die Raad vir die harde werk, bydrae en die leierskap gedurende die jaar, asook als wat hy verrig het namens die Raad by die SALGA werkgroepe; en
- Hy wens die Raadslede en Administrasie ‘n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN008/12/2023**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN009/12/2023**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN010/12/2023**
**EERSTE DRINGENDE SAKE VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: WAARNEMING AS MUNISIPALE BESTUURDER TYDENS FEESSEISOEN 2023/2024**
**4/5/2/6**

Die Speaker lei die item kortliks in.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aanbeveel dat mnr. Jackie Sass waarneem as Munisipale Bestuurder vanaf Dinsdag 02 Januarie 2024 tot en met Dinsdag 09 Januarie 2024.

***

**RVN011/12/2023**
**REQUEST TO WAIVE OWNERSHIP OF VESTED PROPERTY RIGHT: ERF 373, PIKETBERG (PUBLIC ROAD)**
**PB. 373**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

1. That Erf 373, Piketberg (Public Road ±20.24m² in extent), is not required to provide minimum level of basic municipal services;
2. That Bergrivier Municipal Council's intention to waive its vested property right to ownership of Erf 373, Piketberg (Public Street) in its entirety to The Jankielsohn Property Trust, be advertised for 14 days for public comment/representation, and if no objections are received against the proposed alienation, proceed with point number 3;
3. That the applicant is authorised to register the vested property rights in terms of the requirements of section 31 of the Deeds Registries Act, 1937, as amended and further registration thereof at own expense; and
4. That all associated financial expenses applicable to land use applications, surveying and registration will be for the cost of the applicant.

***MANAGER: TOWN PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

***

**RVN012/12/2023**
**TENDER 8/3/25-2023 (MN121-2023): SUPPLY, INSTALLATION, MAINTAINING A BIOMETRIC ACCESS SYSTEM WITH A CONTRACT PERIOD OF 3 YEARS**
**8/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die item verwys word na die Begrotingsloodskomitee vir bespreking tydens die Aansuiwerings begrotingsproses.

***BESTUURDER MENSLIKE HULPBRONDIENSTE***

***

**RVN013/12/2023**
**TENDER 8/3/24-2023 (MN120-2023): APPOINTMENT OF A SERVICE PROVIDER FOR THE PROVISION, MAINTENANCE AND SUPPORT OF AN AGILE CLOUD WEB-BASED ELECTRONIC RECRUITMENT SYSTEM FOR BERGRIVIER MUNICIPALITY FOR A PERIOD OF THIRTY-SIX (36) MONTHS**
**8/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

1. That the item be referred to the Budget Steering Committee for discussion during the Budget Adjustments process; and
2. That the amount of R 52 000.00 of the amount budgeted for the Electronic application system for vacancies, be transferred by a virement to Lightning in Velddrif Town Hall.

***MANAGER HUMAN RESOURCE SERVICES***

***

**RVN014/12/2023**
**REVIEW OF CEMETERIES AND CREMATORIA BY-LAW**
**16/7/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Wessels, lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**RECOMMENDED: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

1. The draft Cemeteries & Crematoria By-law attached hereto as **Annexure A** be approved for public comment; and
2. This draft By-law be published for public comment in the relevant provincial gazette for a period of at least 30 days, at the conclusion of which it will be tabled for final approval by Council.

***DIRECTOR COMMUNITY SERVICES***

***

**RVN015/12/2023**
**ELEKTRIESE NETWERKE: PIKETBERG**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

‘n Besprekingsessie vind plaas rakende:

- Dat 'n volledige uiteensetting benodig word wat die verskil aandui vir die addisionele fondse wat benodig word vir die behuisingsprojekte asook die opgradering van die onderskeie substasies;
- Dat die Departement van Energie (DOE) 'n in-beginsel besluit versoek vanaf Bergrivier Munisipaliteit in die Mediumtermyn Inkomste- en Uitgawes Raamwerk (MTREF) wat die oorbruggingsfondse allokeer om te verseker dat die fondse toegeken word deur DOE rakende die topstruktuur, elektrifisering van die behuisingsprojekte asook die opgradering van die substasies;
- Dat daar wysigings aan die verslag gemaak moet word wat die volledige finansiële implikasies van die elektriese infrastruktuur en die behuisingsprojekte insluit;
- Dat 'n dringende gesprek gefasiliteer word rakende die opgradering van Velddrif se substasie asook die opgradering van Piketberg se substasie (R 9 miljoen) vir besluitneming; en
- Dat die Uitvoerende Burgemeester ingelig word van al die hoë vlak kapitaalprojekte binne Bergrivier Munisipaliteit.

Die Speaker versoek dat Direksie moet toesien dat die toekomstige verslae volledige inligting bevat wat aan die Raad verwys word vir oorweging en besluitneming.

***DIREKSIE***

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die Raad die in-beginsel besluit goedkeur ten einde oorbruggingsfinansiering beskikbaar te stel vir die behuisingsprojekte; en
2. Dat 'n volledige verslag, wat die kosteberamings insluit, verwys word na die Begrotingsloodskomitee vir prioritisering en bespreking gedurende die Begrotingsproses.

***DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE***

***

**RVN016/12/2023**
**<u>AANSTELLING VAN VOORSITTER VIR RISIKOKOMITEE</u>**
**12/2/2/21**

Die Uitvoerende Burgemeester lei die item kortliks in.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die item onttrek word vir verdere bespreking / ondersoeke.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**RVN017/12/2023**
**<u>MONTHLY BUDGET STATEMENT: OCTOBER 2023</u>**
**5/1/1**

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLVED</u>**

That Council take note of the quarterly and monthly budget statement and supporting documentation for October 2023.

***

**RVN018/12/2023**
**MONTHLY SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION REPORT: OCTOBER 2023**
**5/1/1**

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

That the Executive Mayor take note of the October 2023 Supply Chain Management Implementation reports and that they be made public in accordance with Section 21A of the Local Government: Municipal Systems Act (Act no 32 of 2000).

***

**RVN019/12/2023**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERINGS**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN020/12/2023**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERINGS**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN021/12/2023**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

***Die amptenare verlaat die vergadering om 11:53, waarna die volle Raad, Direkteur Korporatiewe Dienste, waarnemende Direkteur Finansiële Dienste en die Klerk: Komitees die vergadering In-Komitee voortsit.***

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 12:43*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________ ______________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***